

29 Desember

Psalm 106; (Teks: 106:4, 5)

Sluit my ook in by u redding

Ons lees baie keer in advertensies: "Moet dit nie misloop nie". In Psalm 106 gaan dit oor die redding van die Here, oor sy liefde vir sy volk. Dit gaan oor die Here se magtige daad en sy goedheid vir sy volk.

Die Psalmdigter het daarvoor gedink. Die Heilige Gees dring hom dan om te bid: "... *sluit my ook in by u redding...*" Hy wil dit nie misloop nie! Jy kan nie bekostig om die redding mis te loop nie. Wil u ook daaraan deel hê? By watter eindpunt bring God ons as Hy ons red?

Die Psalm praat van "die voorspoed van die uitverkorenes" (vers 5). Die voorspoed is nie bloot uiterlik nie. Vers 3 sê wat die wese van die voorspoed is. Hulle handhaaf die reg en doen by elke geleentheid geregtigheid. Dit het dus te maak met 'n heel lewe waarin God regeer. Dit gee ook aan hulle baie blydschap. Dit gaan goed met sulke mense. Hulle is geseënd (vers 3).

Wat vra dit van die Here om ons so in te sluit?

Die Psalm laat sien dat dit oneindige groot genade vra. Die Psalm gee 'n weergawe van hoe dikwels en hoe maklik ons van die spoor afdwaal en hoe die Here elke keer sy genade betoon. Dit vra "magtige daad van die Here" (vers 2). Die magtige daad van die Here is uiteindelik dit wat Hy deur Jesus Christus en die Heilige Gees doen. Alles om u in te sluit by die redding van sy volk.

Hoe voel iemand wat ingesluit is by die redding dan teenoor God? Die eerste en laaste verse vertolk die gevoel: "Prys die Here! Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie! Aan die Here die God van Israel kom die lof toe tot in die allerverste toekoms." Dit is immers net sy genade! Laat dit ook u gebed wees: "...sluit my ook in by u redding...". Dit kan jy nie misloop nie!

Ds. C. (Rietvallei)